OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Woensdag 15 Oktober 1980 — WINDHOEK — Wednesday 15 October 1980 — No. 4298

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. 169 Wysiging van die Model-Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing soos op die Munisipaliteit van Karasburg Toegepas 1

No. 170 Munisipaliteit van Karibib: Wysiging van Swembadregulasies 2

ALGEMENE KENNISGEWING:

No. 32 Hentiesbaai Dorpsbeplanningskema (Voorlopig) 3

ADVERTENSIES:

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICES:

No. 169 Amendment of the Model Electricity Supply Regulations as Applied to the Municipality of Karasburg 1

No. 170 Municipality of Karibib: Amendment of Swimming Bath Regulations 2

GENERAL NOTICE:

No. 32 Hentiesbaai Town Planning Scheme (Preliminary) 3

ADVERTISEMENTS:

Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

D. R. VAN VUUREN
Waarnemende Sekretaris:
Administrasie vir Blankes

No. 169 — 15 Oktober 1980

WYSIGING VAN DIE MODEL-REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING SOOS OP DIE MUNISIPALITEIT VAN KARASBURG TOEGEPAS

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende regulasie goedgekeur wat deur die Munisipaliteit van Karasburg gemaak is om 'n verdere wysiging teweeg te bring van die Model-regulasies op Elektrisiteitsverskaffing, afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 17 April 1957 en gewysig by Goewermentskennisgewings

Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

D. R. van VUUREN
Acting Secretary:
Administration for Whites

No. 169 — 15 October 1980

AMENDMENT OF THE MODEL ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS AS APPLIED TO THE MUNICIPALITY OF KARASBURG

The Executive Committee of the Whites has under section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), approved the following regulation made by the Municipality of Karasburg to effect a further amendment to the Model Electricity Supply Regulations, promulgated by Government Notice 109 of 17 April 1957 and amended by Government Notices 28 of 1961, 73 of 1963 and 10 of 1969, and, in respect of the said Municipality, applied by Government Notice

28 van 1961, 73 van 1963 en 10 van 1969, en, ten opsigte van genoemde Munisipaliteit, toegepas by Goewermentskennisgewing 9 van 15 Januarie 1958 en gewysig by Goewermentskennisgewings 144 van 1970, 69 van 1972, 160 van 1974, 326 van 1975, 220 van 1976, 163 van 1977, 22 en 267 van 1978, 75 en 133 van 1979 en 123 van 1980:

Byvoegsel D word hierby gewysig deur in item 5(e)(v) die uitdrukking "enkelfasige aansluiting se koste is R75,00 en die van driefasige aansluiting R150,00" deur die uitdrukking "Die bedrag wat vir 'n aansluiting betaal moet word, is die werklike koste plus 20%." te vervang.

No. 170 15 Oktober 1980

MUNICIPALITEIT VAN KARIBIB: WYSIGING VAN SWEMBADREGULASIES

Die Uitvoerende Komitee van die Blankes het kragtens artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die volgende regulasie goedgekeur wat deur die Munisipaliteit van Karibib gemaak is om die Swembadregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing 40 van 1 Maart 1955 en gewysig by Goewermentskennisgewings 51 van 1969, 175 van 1971, 216 van 1975 en 318 van 1977, te wysig:

Regulasie 19 word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"19. (1) Die volgende tariewe is op die gebruik van die swembad van toepassing:

(a) Daaglikse toegangskaartjies:

(i) kinders R0,35

(ii) volwassenes R0,75

(b) Maandkaartjies wat vir 'n tydperk van 30 dae geldig is:

(i) kinders R1,25

(ii) volwassenes R2,50

(c) Halfseisoenkaartjies wat vanaf 1 September tot 31 Desember of vanaf 1 Januarie tot 30 April geldig is:

(i) kinders R3,50

(ii) volwassenes R7,00

(d) Seisoenkaartjies wat vanaf 1 September tot 30 April geldig is:

9 of 15 January 1958 and amended by Government Notices 144 of 1970, 69 of 1972, 160 of 1974, 326 of 1975, 220 of 1976, 163 of 1977, 22 and 267 of 1978, 75 and 133 of 1979 and 123 of 1980:

Appendix D is hereby amended by the substitution in item 5(e)(v) for the expression "The cost of single phase connections shall be R75,00 and that of three phase connections R150,00." of the expression "The amount to be paid for any connection shall be the actual cost plus 20%.".

No. 170 15 October 1980

MUNICIPALITY OF KARIBIB: AMENDMENT OF SWIMMING BATH REGULATIONS

The Executive Committee of the Whites has under section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), approved the following regulation made by the Municipality of Karibib to amend the Swimming Bath Regulations, promulgated by Government Notice 40 of 1 March 1955 and amended by Government Notices 51 of 1969, 175 of 1971, 216 of 1975 and 318 of 1977:

The following regulation is hereby substituted for regulation 19:

"19. (1) The following tariffs shall apply to the use of the swimming bath:

(a) Daily admission tickets:

(i) children R0,35

(ii) adults R0,75

(b) Monthly tickets which are valid for a period of 30 days:

(i) children R1,25

(ii) adults R2,50

(c) Half-season-tickets which are valid from 1 September to 31 December or from 1 January to 30 April:

(i) children R3,50

(ii) adults R7,00

(d) Season-tickets which are valid from 1 September to 30 April:

(i) kinders R5,50

(ii) volwassenes ..... R11,00.

(2) By die toepassing van subregulasie (1) omvat "volwassenes" kinders bo die ouderdom van 16 jaar.

(3) 'n Swemkaartjie is nie oordraagbaar nie.".

(i) children R5,50

(ii) adults ..... R11,00.

(2) For the purposes of subregulation (1), "adults" includes children over the age of 16 years.

(3) A bathing ticket shall not be transferable.".

Algemene Kennisgewing

No. 32 van 1980

HENTIESBAAI DORPSBEPLANNINGSKEMA (VOORLOPIG)

Kennis geskied hierby kragtens artikel 23 van die Dorpsbeplanningsordonnansie 1954 (Ordonnansie 18 van 1954) dat die dorpsbeplanningskema van Hentiesbaai ter goedkeuring aan die Uitvoerende Komitee voorgelê is.

Eksemplare van die dorpsbeplanningskema en van die kaarte, planne, dokumente en ander verbandhoudende sake lê gedurende kantoorure in kamer 213, Rentmeestergebou, Windhoek, ter insae.

Elkeen wat beswaar het teen die dorpsbeplanningskema moet sy beswaar skriftelik voor of op 3 Desember 1980 by die Sekretaris, Suidwes-Afrikaanse Beplanningsadviesraad, Privaatsak 12025, Ausspannplatz, indien.

R. Z. SCHOEMAN
SEKRETARIS
SWABAR

General Notice

No. 32 of 1980

HENTIESBAAI TOWN PLANNING SCHEME (PRELIMINARY)

Notice is hereby given in terms of section 23 of the Town Planning Ordinance, 1954 (Ordinance 18 of 1954) that the town planning scheme of Hentiesbaai has been submitted to the Executive Committee for its approval.

Copies of the town planning scheme and of the maps, plans, documents and other relevant matters are lying for inspection during office hours in room 213, Rentmeester Building, Windhoek.

Any person who wishes to object to the approval of the town planning scheme should lodge his objections in writing with the Secretary, South West African Planning Advisory Board, Private Bag 12025, Ausspannplatz, before or on 3 December 1980.

R.Z. SCHOEMAN
SECRETARY:
S.W.A.P.A.B.

Advertensies

ADVERTEER IN DIE OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIËLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4,30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

Advertisements

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE, P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4,30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing ten die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikste intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R10,40 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here Die Suidwes-Drukkery Beperk, Posbus 2196, Windhoek, teen 20 c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar by wyse van tjeks, wissels, pos- of geldorders:

12. Die koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 11 genoem word, is teen die tarief van 35 c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

Tipe	*Tarief*
1. Oordrag van besigheid	R3,25

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Official Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R10,40 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. The Suidwes-Drukkery Limited, P.B. Box 2196, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Windhoek. The Suidwes-Drukkery, Limited, P.O. Box 2196, Windhoek, at the price of 20 c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of cheques, bills, postal or money orders:

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 11 is at the rate of 35 c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

Type	*Charge*
1. Transfer of business	R3,25

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

STAATSGROND BESKIKBAAR OP DIE HARDAPBESPROEIINGSKEMA DISTRIK MARIENTAL SUIDWES-AFRIKA

Aansoeke word ingewag ingevolge die bepalings van die Wet op Landboukrediet, 1966 om die aankoop van die volgende besproeiingseenhede op die Hardapbesproeiingsskema naby MARIENTAL, Registrasie-Afdeling "R"

1. Gedeelte 36 van die plaas Keikanachab West 91, Registrasie Afdeling "R", groot 45,4726 hektaar EN

DEPARTMENT OF ARGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

STATE-OWNED LAND AVAILABLE ON THE HARDAP IRRIGATION SCHEME DISTRICT MARIENTAL SOUTH WEST AFRICA

Applications are invited in terms of the agricultural credit Act 1966 for the purchase of the following irrigation units on the Hardap Irrigation Scheme near MARIENTAL, Registration Division "R"

1. Portion 36 of the farm Kekanachab West 91, Registration Division "R", measuring 45, 4726 hectares and

(i) WOONHUIS geleë op Gedeelte 27 van die plaas Keikanachab West 91, Registrasie Afdeling "R", groot 1,5403 hektare KOOPPRYS: R20 000,00.

2. Gedeelte 253 van die Gekonsolideerde plaas Hardap Nedersetting 607, Registrasie Afdeling "R", Groot 40,9273 hektare EN

WOONHUIS geleë op Gedeelte 220 van die Gekonsolideerde Plaas Hardap Nedersetting 607, Registrasie Afdeling "R" Groot 1,0289 hektare, KOOPPRYS: R25 650,00

ALGEMEEN

1. BESPROEIING

'n Maksimum van 35 hektaar sal op elke eiendom vir besproeiing ingelys word.

2. VERBETERINGS

Drie-slaapkamerwoonhuis

3. WATERVOORSIENING

Staatswaterskema

SPESIALE VOORWAARDES

1. Die suksesvolle applikant sal 'n koopakte met die Departement van Landbou en Natuurbewaring moet aangaan.

2. Die suksesvolle applikant sal nie daarop geregtig wees om die eiendom binne tien (10) jaar na aankoopdatum te verkoop nie.

3. Die bedrag van die Koopprys wat die suksesvolle applikant in kontant moet bydra en die voorwaardes waarop die res betaal moet word, sal deur die Landbou-kredietraad bepaal word.

4. Die suksesvolle applikant moet die perseel persoonlik bewoon.

5. Die koopakte wat uitgereik sal word sal sodanige verdere voorwaardes bevat as wat gewoonlik in transaksies van hierdie aard gestel word.

6. Die persele is onderworpe aan voorwaardes vervat in die titel bewys van die oorspronklike plaas Inliging in verband met enige verdere voorwaardes asook in verband met die ligging van die persele kan verkry word van die Departement van Landbou en Natuurbewaring by ondergemelde adres sowel as van die Landdros Mariental.

7. Aansoekvorms (LKG 86 A) is verkrygbaar by enige Landdroskantoor (uitgesonderd die landdroskantoor te

(i) DWELLING HOUSE situate on Portion 27 of farm Keikanachab West 91, Registration Division "R", measuring 1,5403 hectares. PURCHASE PRICE: R20 000,00

2. Portion 253 of the Consolidated Farm Hardap Nedersetting 607, Registration Division "R", measuring 40,9273 hectares AND

DWELLING HOUSE situate on portion 220 of the Consolidated farm Hardap Settlement Registration Division "R" measuring 1,0289 hectares PURCHASE PRICE; R25 650,00

GENERAL

1. IRRIGATION

A maximum of 35 hectares on each property will be scheduled for irrigation

2. IMPROVEMENTS

Three bedroom dwelling house

3. WATER SUPPLY

State water Scheme

SPECIAL CONDITIONS

1. The successful applicant will be required to enter into a deed of sale with the Department of Agriculture and Nature Conservation

2. The successful applicant will not be entitled to sell the property within ten (10) years of the date of purchase

3. The amount that the successful applicant will be required to pay in cash towards the purchase price as well as the conditions on which the balance is to be paid, will be determined by the Agricultural Credit Board.

4. The successful applicant will be required to occupy the plot personally

5. The deed of Sale to be issued will contain such further conditions as are generally imposed in transactions of this nature.

6. The plots are subject to the conditions set forth in the title deed of the original farm. Information about any further conditions as well as the locality of the plots can be obtained from the Department of Agriculture and Nature Conservation at the undermentioned address as well as from the Magistrate Mariental.

7. Application forms (LKG 86 E) are obtainable at any Magistrates office (except the magistrate's office, Windhoek) as well as from the Secretary, Department

Windhoek), asook van die Sekretaris, Departement van Landbou en Natuurbewaring, Privaatsak X13175, Windhoek 9000 (Telefoon 34031, Bylyn 13, Kamer 403, Craigmyle gebou Kaiserstraat, Windhoek).

8. Aansoeke moet aan die Sekretaris Departement van Landbou en Natuurbewaring gestuur word, sodat dit hom voor of op 30 November 1980 bereik.

Aansoeke moet nie by Landdroskantore ingedien word nie.

9. Die Staat behou om die reg voor om enigeen of al die persele wat hierby te koop aangebied word, te enige tyd terug te trek.

10. Die Departmenet het alle pogings aangewend om die inligting hierbo so volledig en noukeurig moontlik te verstrek, maar is nie aanspreeklik vir moontlike onjuistheid nie. Die eiendomme sal voetstoots verkoop word. Van applikante word verwag dat hulle die persele persoonlik inspekteer.

of Agriculture and Nature Conservation, Private Bag X13175, Windhoek, 9000 (Telephone 34031 extension 13, Room 403, Craigmyle Buildings, Kaiser Street, Windhoek)

8. Applications should be forwarded to the secretary, Department of Agriculture and Nature Conservation to reach him not later than 30 November 1980.

Applications should not be handed in at Magistrate's offices.

9. The State reserves the right to withdraw at any time any one or all the plots hereby offered for sale.

10. The Department has made every endeavour to furnish the above information as comprehensively and accurately as possible but accepts no responsibility for any inaccuracies. The properties will be sold "voetstoots". Applicants are expected to inspect the plots personally.

800812 OP 104 — S.W.A. (2) DAVID MORTON TRANSPORT (TVL) (PTY) LTD. — Randburg; First application (3) Six semi-trailes of 22 000 kg. each to be advised. (4)(a) Purpose made wooden shuttering on behalf of Uniply (Pty) Ltd. for building purposes. (5)(a) From a place on the RSA/SWA border at Nakop to points situated within South West Africa. (4)(b) Gypsum ceiling boards, cover strips, cornices and wall boards. (5)(b) From a place on the RSA/SWA border at Nakop to points within South West Africa.

800822 OP 111 — WINDHOEK (2) W. J. DU TOIT — Windhoek; Bykomende voertuie en bykomende magtiging (3) SW 32545 — bus — 60 sitplek en een leunwa-bus — 157 sittendes en 16 staandes (4) | (5) Soos per die aangehegte bylaes "A" en "B".

"A"

1. Persone asook hulle persoonlike bagasie — Vanaf busstop nr. 1 (langs South West Star Hotel, Chryslerstraat, Khomasdal, Windhoek), busstop nr. 2 (Talstraat, Windhoek regoor die Nie-blanke huurmotorstaanplek) en busstop nr. 3 (Parsonsweg, Windhoek) na die terminus by die Suidwes Hotel te Rehoboth oor die volgende roete:-
Chryslerstraat, Mercedesstraat, Jaguarstraat, Swartzstraat, Florence Nightingalestraat, Pasteurstraat, Johann Albrechtstraat, Daveystraat, John Meinertstraat, Talstraat tot by busstop nr. 2, dan verder met Talstraat, Thriftstraat, links om Snymansirkel, Republiekweg, Daimlerstraat, Joullestraat, Parsonsweg tot by busstop nr. 3, dan verder met Parsonsweg, Republiekweg, hoofpad na Rehoboth, ongenoemde weg na Oamites myn en terug oor die ongenoemde weg na die Windhoek/Rehoboth hoofpad, dan met laasgenoemde hoofpad tot by die aansluiting met Bahnhofweg te Rehoboth, volg dan Bahnhofweg, Kerkstraat en ongenoemde weg tot by Suidwes Hotel, vanaf Suidwes Hotel oor die ongenoemde weg tot by die aansluiting met Kerkstraat, dan met Kerkstraat en 'n ongenoemde weg tot by die oop ruimte geleë tussen die Echo Restaurant en die Windhoek/Mariental hoofpad en terug oor dieselfde roete met die uitsluiting van Daveystraat te Windhoek.

ROOSTER: Soos per die aangehegte bylae "B".

TARIEWE: Soos per die aangehegte bylae "B".

TYDTAFEL:

HEENREIS:	Maandag tot Vrydag
Vertrek.	Arriveer:
Windhoek stop 1 18h00	Windhoek stop 2 18h10
Windhoek stop 2 18h15	Windhoek stop 3 18h25
Windhoek stop 3 18h30	Oamites myn 19h30
Oamites myn 19h40	Rehobtoh 20h20

TERUGREIS:	Maandag tot Vrydag
VERTREK	Arriveer.
Rehoboth 05h20	Oamites myn 06h00
Oamites myn 06h05	Windhoek stop 3 06h35
Windhoek stop 3 06h40	Windhoek stop 2 06h50
Windhoek stop 2 06h55	Windhoek stop 1 07h05

HEENREIS:	saterdae;
vertrek:	arriveer;
Windhoek stop 1 12h30	Windhoek stop 2 12h40
Windhoek stop 2 12h45	Windhoek stop 3 12h55
Windhoek stop 3 13h00	Oamites myn 14h00
Oamites myn 14h05	Rehoboth 14h45

terugreis:	sondae;
vertrek:	arriveer;
Rehoboth 17h30	Oamites myn 18h10
Oamites myn 18h15	Windhoek stop 3 19h15
Windhoek stop 3 19h20	Windhoek stop 2 19h30
Windhoek stop 2 19h35	Windhoek stop 1 19h45

TARIEWE:

Windhoek — Rehoboth Enkel R1.10; Retoer R2.00
Windhoek — Oamites myn Enkel R0,80; Retoer R1.80
Rehoboth — Oamites myn Enkel R0.60; Retoer R1.50.

800902 OP 117 — KOËS (2) PRIMÊRE SKOOL CHRIS LÖTTER — Koës, Eerste aansoek (3) Een tagtig sitplek bus aangekoop te word (4) Blanke persone en hulle persoonlike bagasie. (5) Tussen Keetmanshoop en Koës gedurende skooluitnaweke asook met die sluiting en heropening van skole.

800911 OP 119 — WINDHOEK (2) M. GARISEB — Windhoek; Vervanging van voertuig met bykomende magtiging (3) SW 18621 — motor — 1 364 kg. vervang SW 48277 — motor — 5 passasiers (4)(a) (5)(a) Soos per die aangehegte bylae "A". (4)(b) Alle rasse asook hulle persoonlike bagasie op *bona fide* taxiritte. (5)(b) Binne Windhoek munisipale gebied.

"A"

Nie meer as 6 (ses) Bantoe persone (drywer ingesluit) nie, asook hulle persoonlike bagasie op *bona fide* taxiritte — vanaf:-

(a) 'n Woning geleë binne Nama en Damara seksies, Katutura na 'n ander woning of besigheidsplek geleë binne Nama en Damara seksies, Katutura of vanaf 'n besigheidsplek geleë binne Nama en Damara seksies, Katutura na 'n ander besigheidsplek of woning geleë binne Nama en Damara seksies, Katutura;

(b) die taxistaanplek Nr. 5 (vyf) geleë regoor huis Nr. N5/46 in Nama seksie, Katutura en vanaf wonings of besigheidsplekke geleë binne Nama en Damara seksies, Katutura na plekke geleë binne die munisipale gebied van Windhoek;

(c) die taxistaanplek in Talstraat en die taxistaanplek by Windhoek spoorwegstasie na plekke geleë binne Nama en Damara seksies, Katutura;

(d) 'n woning of besigheidsplek geleë binne die munisipale gebied van Windhoek na plekke geleë binne Nama en Damara seksies, Katutura.

800912 OP 120 — SWAKOPMUND (2) M. S. TJAVEONDJA — Swakopmund; Nuwe aansoek (3) SS 1567 — Bus — 8 persone (4) Bantoe huurmotorpassasiers en hulle persoonlike bagasie (5)(a) Binne Swakopmund munisipale gebied en (5)(b) Vanaf en na plekke geleë binne Swakopmund munisipale gebied na en vanaf plekke geleë binne Arandis gebied.

800912 OP 121 — WINDHOEK (2) J.S. HENDRICKS — Katutura; Vervanging van voertuig (3) SW 50826 — motor — 5 passasiers (4) & (5) Soos per die aangehegte bylae "A".

"A"

"A"

1. Nie meer as 6 (ses) Nie-Blanke persone (drywer ingesluit) nie asook hulle persoonlike bagasie op *bona fide* taxiritte — Vanaf:

(a) 'n woning geleë binne Namaseksie, Katutura na 'n ander woning of besigheidsplek geleë binne Namaseksie, Katutura of vanaf 'n besigheidsplek geleë binne Namaseksie, Katutura na 'n ander besigheidsplek of woning geleë binne Namaseksie, Katutura;

(b) die taxistaanplek nr. 5 geleë regoor huis nr. N5/46 in Namaseksie, Katutura en vanaf wonings of besigheidsplekke binne Namaseksie, Katutura na plekke geleë binne die munisipale gebied van Windhoek;

(c) die taxistaanplek in Talstraat en die taxistaanplek by Windhoek spoorwegstasie na plekke geleë binne Namaseksie, Katutura;

(d) 'n woning of besigheidsplek geleë binne die munisipale gebied van Windhoek na plekke geleë binne Namaseksie, Katutura.

Die magtiging hierbo uiteengesit is onderhewig aan die voorwaardes, in bylae "B" hiertoe, vervat.

2. Nie meer as 6 (ses) Nie-Blanke persone (drywer ingesluit) nie, asook hulle persoonlike bagasie op *bona fide* taxiritte — Vanaf:

(a) 'n woning geleë binne Khomasdal na 'n ander woning of besigheidsplek geleë binne Khomasdal of vanaf 'n besigheidsplek geleë binne Khomasdal na 'n ander besigheidsplek of woning geleë binne Khomasdal; en

(b) die taxistaanplek in Talstraat en die taxistaanplek by Windhoek spoorwegstasie na plekke geleë binne Khomasdal woonbuurt;

(c) huurmotorstaanplekke geleë binne Khomasdal na plekke geleë binne die munisipale gebied van Windhoek; en

(d) 'n woning of besigheidsperseel geleë binne die munisipale gebied van Windhoek na plekke geleë binne Khomasdal woonbuurt.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennisgewing geskied hiermee dat 14 (veertien) dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Lisensiehof vir die distrik van MALTAHÖHE gehou te MALTAHÖHE vir die oordrag van die volgende lisensies:

1. Algemene Handelaar (beperk tot die verkoop van voedselware, kruideniersware, ornamente, aandenkinge en leesstof).

2. Restaurantlisensie.

3. Spuit- en Mineraalwater Handelaar.

4. Tabak by kleinmaat.

5. Patente Eiendomsmedisyne.

6. Vars Produkte Handelaar.

7. Slagter Kleinhandel (beperk tot die verkoop van vooraf verpakte vleis en vleisprodukte in behoorlik verseëlde fabriekhouers).

Lisensies tans gehou deur MEV. HENDRIETTE ALIDA VAN ZYL, wie tans handel dryf onder die naam en styl van KOM-IN-PADKAFEE te erf 15, MALTAHÖHE aan PIETER WILLEM VAN ZYL, wie handel dryf op dieselfde perseel onder dieselfde naam en styl.

GEDATEER TE WINDHOEK HIERDIE 3DE DAG VAN OKTOBER 1980.

MULLER & BRAND
PROKUREURS VIR PARTYE
Sokolic-gebou
John Meinertstraat
Posbus 2073
WINDHOEK

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na 14 dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die HANDELS-LISENSIEHOF vir die DISTRIK van WINDHOEK gehou te WINDHOEK vir die oordrag van die Algemene Handelaar Lisensie tans gehou deur A GOUWS wie handel dryf op Erf 90 WINDHOEK onder die naam en styl van MAISON LA CHIC aan HORST DOEDENS wie voortaan op dieselfde perseel onder dieselfde naam en styl vir sy eie rekening sake sal doen.

PROKUREURS VIR APPLIKANT
R OLIVIER & KIE
Atlantisgebou
Moltkestraat
Posbus 2198
WINDHOEK
9000

MUNISIPALITEIT TSUMEB

KENNISGEWING NR. 1601980

UITSTAANDE BELASTINGS

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 171(1) van die Munisipale Ordonnansie (Ordonnansie 13 van 1963) dat vir die ondergenoemde onbesette eiendomme vir 'n tydperk van vyfjaar geen betalins vir eiendomsbelasting ontvang is nie.

'n Beroep word op die geregistreerde eienaars van die eiendomme gedoen om die agterstallige belastings saam met die rente daarop binne drie maande na die datum van die laaste publikasie hiervan te betaal.

Die eiendomme sal by wanbetaling per openbare veiling verkoop word.

EIENAAR	ERF NR.:
C.A. Pires	728 (Uitb. 4)
U. Pawell	767 (Uitb. 4)
U. Pawell	847 (Uitb. 4)

O. J. BRITZ
STADSKLERK

Munisipale Kantore
Posbus 275
Telefoon 3056
TSUMEB
9000

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS

Notice is hereby given that application will be made at the next quarterly sitting of the Licensing Court for the district of Windhoek to be held at Windhoek on the 3rd day of December 1980 for the transfer of the following trading licence: General Dealer (hardware, wood and machinery), presently in name of J. E. M. B. FRÜNDT at Erf 2100, Windhoek, trading as J. FRÜNDT BAU- UND MOEBELTISCHLEREI, to H. ASCHER, who will henceforth do business at the same premises under the name of H. Ascher Bau- und Moebeltischlerei, J. Fründt Nachfolger, for his own account.

SIGNED AT WINDHOEK ON THIS 1ST DAY OF OCTOBER, 1980.

Irene Fründt
Lazarettstreet 47
P.O. Box 264
WINDHOEK
9000

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na 14 dae vanaf publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die Distrik van Windhoek gehou te Windhoek vir die oordrag van die Algemene Handelaar en Garage lisensie tans gehou deur GERNOT SENTEFOL wie handel dryf op Erf 1635 Windhoek onder die naam en styl van AUTO REPAIRS aan WILFRIED ALFRED ETZOLD wie voortaan op dieselfde perseel onder dieselfde naam en styl vir sy eie rekening sake sal doen.

GETEKEN TE WINDHOEK OP HIERDIE 9DE DAG VAN OKTOBER 1980.

W.A. ETZOLD
Adres van Applikant
Posbus 11032
WINDHOEK
9000

OORDRAG VAN LISENSIE

Kennis word hiermee gegee dat aansoek by die LISENSIEHOFWINDHOEK gedoen sal word vir die oordrag van die Algemene Handelaars Lisensie gehou deur mev. A. J. CRONIN op erf 1297, wat handel gedryf het onder die naam van THREE-A-CORNS aan MEV E. BIEWENGA wat handel sal dryf onder dieselfde naam.

MEV. E. BIEWENGA
Posbus 30075
PIONIERSPARK

KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee dat, veertien dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Landdros te Tsumeb vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie, tans gehou deur Hendrik Jacobus Jordaan, wie handel gedrywe het onder die handelsnaam van HENRY'S HORLOSIEMAKER, aanGERT JACOBUS VAN ASWEGEN, wie handel sal drywe onder die handelsnaam van HENRY'S HORLOSIEMAKER te Erf Nr. 4, Posstraat, Tsumeb.

GEDATEER TE TSUMEB HIERDIE 1STE DAG VAN OKTOBER 1980.

GERTENBACH | VAN ZYL
Hoofstraat
Posbus 259
TSUMEB

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Geliewe kennis te neem dat na verstryking van 'n periode van 14 dae vanaf verskyning hiervan THEUNIS JOHANNES DUVENHAGE van voorneme is om by die Handelslisensiehof vir die Distrik MARIENTAL aansoek te doen om die Algemene Handelaar, Restaurant, Vars Produkte en Tabak by Kleinmaat lisensies waarom h hy besigheid doen onder die naam BAMBI RESTAURANT oor te dra aan JAN HENDRIK JOHANNES DUVENHAGE wie die besigheid sal voortsit op dieselfde perseel vir sy eie voordeel onder die naam BAMBI RESTAURANT

GEDATEER TE MARIENTAL OP DIE 1STE DAG VAN OKTOBER 1980.

J. K. ROUX
Prokureur vir die Partye
Drieboomstraat,
Posbus 300,
MARIENTAL.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat 14 dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof, Landdroskantoor, Mariental, vir die distrik van Marietnal, vir die oordrag van die

I) Algemene Handelaarslisensie

van H. F. E. LÖSCH van Erf nr. 60, Mariental, wat onder die naam E. LÖSCH STOOR handel dryf aan PETRUS ABEL ELIAS NEL as Sekretaris en JOHANNES STEPHANUS LODEWYK VILJOEN as plaaslike Bestuurder van S.A.K.K. (S.W.A.) (EIENDOMS) BEPERK wat te dieselfde adres handel sal dryf onder die naam S.A.K.K. (S.W.A.) (EIENDOMS) BEPERK.

GEDATEER TE MARIENTAL OP HEDE DIE 6E DAG VAN OKTOBER 1980

OBERHOLZER EN KEMPEN
Prokureurs vir Partye
Skoolstraat
Posbus 13
MARIENTAL.

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID

Kennis geskied hiermee dat 14 dae na publikasie hiervan, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof, Landdroskantoor, Mariental vir die distrik van Mariental (Aranos), vir die oordrag van die

(I) Algemene Handelaarslisensie
ii) Patente Medisynelisensie

van PETRUS JOHANNES WILLEM STEENKAMP van die plaas Wandervogel nr. 282, distrik Aranos wat handel dryf onder die naam Wandervogel Handelshuis aan IZAK GROBLER PRINSLOO wat tesdieselfde adres en onder dieselfde naam handel sal dryf.

GEDATEER TE MARIENTAL HEDE DIE 6DE DAG VAN OKTOBER 1980.

OBERHOLZER EN KEMPEN
Prokureurs vir Partye
Skoolstraat
Posbus 13
MARIENTAL